Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en
KINDERUITRUSTERS

die WAPAD
Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

A. VORSTER
APTEEK
Octron-gebou,
Lombardstraat.
VIR VINNIGE
AFLEWERING
SKAKEL 7074.

JAARGANG XXIII WOENSDAG 15 MEI 1968 No. 11

# ONTEVREDENHEID IS DIE GEVOLG VAN ONKUNDE: DE KLERK

**DIE woelinge wat tans rondom die A.S.B. aan die gang is, is die gevolg van onkunde by die bond se kritici oor sy werklike taak, en die feit dat hierdie persone die A.S.B. gelyk wil gaan stel aan ander verenigings op universiteitskampusse. So het mnr. Ben de Klerk, president van die Afrikaanse Studentebond, in 'n onderhoud met Die Wapad gesê.**

**Mnr. De Klerk het kommentaar gelewer op die opskudding wat verlede week veroorsaak is deur die verspreiding van 'n vlugskrif teen die liggaam op Stellenbosch, asook deur die optrede van 'n groep studente by die Goudstadse Onderwyskollege verlede Woensdagaand. (Sien berigte elders op hierdie bladsy).**

Omdat die A.S.B. 'n kultuurorganisasie is, beweeg hy uit die aard van die saak meer op 'n lewensbeskoulike vlak as op die meer praktiese vlak, en as sulks lewer die bond se werksaamhede nie onmiddelike vrugte nie, het mnr. De Klerk gesê.



### SUKSES

Die neiging by die mens vandag is om net in die sukses van die oomblik belang te stel. Die probleem waarvoor die A.S.B. te staan kom is tot watter mate dit vir hom as kultuurorganisasie toelaatbaar is om hom met praktiese puntjies te bemoei.

### TAAK

**Mnr. De Klerk het gesê dat die taak van die A.S.B. as organisasie wat op 'n lewensbeskoulike terrein beweeg, is om namens die Afrikaanse student formules in verskillende sake te gaan uitwerk en namens die Afrikaanse student standpunt te gaan stel in sake soos die rassevraagtuk.**

### BESPREKING

Op die agenda vir die eerskomende vergaderings van die A.S.B.-hoofbestuur en die Beleidsraad is 'n bespreking van hoe die A.S.B. hom op die meer praktiese terrein kan begewe.

Oor die eis dat die A.S.B. op die kampus van U.S. toegelaat moet word as dit 'n demokratiese liggaam is, het mnr. De Klerk gesê dat die A.S.B. wel 'n demokratiese organisasie is. Dit is egter nie persone wat by die bond aansluit nie, maar studenterade vir wie dit vry staan omvan tyd tot tyd oor affiliasie te besluit. Dit is logies dat die studenteraad van 'n sentrum affilieer, ten einde die hele kultuurproduk van 'n kampus in nasionale verband te bring.

### GRONDWET

Indien Stellenbosch wel sou besluit om hom los te maak, maak die A.S.B.-grondwet wel voorsiening dat slegs 'n bestuur affilieer, en nie die studenteraad nie. Dit sal egter Stellenbosch se huidige status in die bond verlaag.

Oor die ontevredenheid by die Goudstadse Onderwyskollege en die soek na 'n organisasie wat verteenwoordigend is van alle Suid-Afrikaanse studente, het mnr. De Klerk gesê dat die A.S.B. as 'n kultuurorganisasie hierdie rol nie kan vul nie, omdat daar nie sprake kan wees van 'n Suid-Afrikaanse kultuur nie.

## S.R. MAAK BY SAUK BESWAAR OOR UITSENDING

**Die Komitee van Openbare Betrekkinge van die Studenteraad het 'n brief aan die S.A.U.K. gerig oor die uitsending van Saterdag se Intervarsity, waarin beswaar gemaak word teen sekere bewerings wat in die kommentaar oor die wedstryd gemaak is. Die volledige brief lui soos volg:**

Die Hoof,
Sportuitsendings van die
S.A.U.K.,
Posbus 8606,
Johannesburg.

Waarde heer,

**i.s. Die Intervarsity-uitsending tussen die P.U. vir C.H.O. en U.O.V.S. — 11 Mei 1968.**

Die kommentaar van die rugbywedstryd tussen P.U. en U.O.V.S. op 11 Mei 1968 was 'n getroue weergawe van die wedstryd. Daarvoor dank ons u.

Maar dit is jammer dat oor die eter ook indrukke geskep is wat nie in elke opsig juis was nie. Daar was byvoorbeeld op geen stadium sprake van 'n „oor en weer gooiery" van voorwerpe op die pawiljoen tussen studente nie. Trouens, die enkele voorwerpe wat oor die koppe van eregaste na die P.U.-dirigent gegooi is, is hoofsaaklik geïgnoreer.

Daar is ook die bewering gemaak dat die dirigente onkiese en onwelvoeglike opmerkings „oor en weer" geslinger het. Wat wel waar is in hierdie verband, is dat die Pukke telkens luid geprotesteer het om hulle misnoeë oor banaliteite te kenne te gee. Soveel so dat die onderdirigent van U.O.V.S. soms selfs doodgeskreeu is. (Hierby sluit ek 'n berig in wat Die Beeld, 12 Mei, 1968, se siening weergee).

Hierdie enkele veralgemeende stellings wat die lug ingestuur is kan 'n objektiewe kommentaar van die spel nie tot eer strek nie. En die jammerte van die saak is dat dit onregmatig geen goeie nasmaak van die P.U. laat nie. Daarom bring ek dit onder u aandag.

Die uwe,
C. J. SMIT
Nms. Komitee van Openbare Betrekkinge,
Die Studenteraad, P.U. vir C.H.O.

## Gokkies woel ook oor A.S.B.

Te midde van die doenigheid op Stellenbosch oor die anti-A.S.B.-vlugskrif wat daar versprei is, het die liggaam ook by die Goudstadse Onderwyskollege ter sprake gekom.


Na die voorsitter van die Goudstadse A.S.B.-komitee, mnr. Teddy Wolff, verlede Woensdagaand op 'n massavergadering 'n uiteensetting van die bond se werksaamhede gegee het, het verskeie studente vrae oor die liggaam begin stel. O.a. wou hulle weet wat die A.S.B. vir hulle doen. Volgens 'n Sondagblad is nuusberigte oor die moeilikheid op Stellenbosch as motivering vir die vrae gebruik.

Om die vraestellers en ontevredenes tevrede te stel, is besluit dat die president van die A.S.B. asook hoofbestuurslede gevra moet word om die Gokkies toe te spreek. Ook sal kommissies van ondersoek na die werksaamhede van die A.S.B. ingestel word.

### VRYDAG

Die massavergadering oor die A.S.B. sal Vrydagaand by die kollege gehou word.

Intussen het mnr. Ewert Nel, leier van die groep wat ontevrede is met die A.S.B. aan 'n Johannesburg oggendkoerant gesê dat daar geen verband is tussen die kritiek op die A.S.B. op die kampusse van die Stellenbosse Universiteit en die Goudstadse Onderwyskollege nie.



Kyk net wat gebeur met 'n man as jy op die vyand se kampus beland! Dit het nogal nadelige gevolge vir jou haarstyl.
Foto: Fotokuns

## MATIES IN BEROERING NA VLUGSKRIF TEEN A.S.B.

**Beroering heers op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch nadat 'n vlugskrif verlede week daar versprei is waarin 'n skerp aanval op die Afrikaanse Studentebond en sy bestaansreg in Matieland gedoen word.**

Die man wat die vlugskrif opgestel en versprei het, is mnr. Louis Duplessis, 'n student in die staatsfilosofie, en tot Vrydag voorsitter van die studentetak van die Nasionale Party op Stellenbosch.

In die vlugskrif het mnr. Duplessis die bestaansreg van die A.S.B. ontken omdat hy nie namens die Afrikaanse student praat nie en niks vir die Afrikaanse kultuur doen nie. „... dit is ons Christelik-Nasionale plig om hierdie groepie werklose verkramptes van ons kampus te verwyder..", het hy o.a. geskryf.

### REAKSIE

Sterk reaksie het op Stellenbosch en elders gevolg op die inhoud en verspreiding van die vlugskrif. Senior lede van die Nasionale Party op Stellenbosch waaronder die L.V., mnr. H. H. Smit, het mnr. Duplessis gerepudieer, en van verskillende kante is geëis dat hy uit sy pos as voorsitter van die studentetak moet bedank. Alhoewel hy aanvanklik geweier het, het mnr Duplessis tog Vrydagmiddag bedank.

Volgens 'n landswye Sondagblad sou mnr. Duplessis gesê het dat hy nie die A.S.B. geheel en al afgeskaf wil sien op die Stellenbosse kampus nie. As dit voortbestaan moet dit egter 'n demokratiese liggaam wees.

### MOSIE

'n Monstervergadering word vanaand op Stellenbosch gehou om die saak te bespreek. Op hierdie vergadering sal mnr. Duplessis glo 'n mosie indien dat die voorsitter van die U.S. se studenteraad die president van die A.S.B. (mnr. Ben de Klerk) in kennis stel dat Stellenbosch nie meer lid van die bond is nie, maar dat die bond wel as 'n demokratiese vereniging op Stellenbosch kan voortbestaan.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

*Met komplimente van*
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.
Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die
Jongste Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.

*Vir al u*
APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE
*Besoek:*
APTEKERS
*J. P. VAN DER WALT*
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118,
Telefoon 3237,
POTCHEFSTROOM.

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM.
Tel. 6575.

GROSVENOR MOTORS
Lombardst. 47. Kerkst. 69.
Telefoon: 4351/2/3
POTCHEFSTROOM.
GEMAGTIGDE FORDHANDELAARS
ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLAINE en GALAXIE
Asook:
VESPA
en
LAMBRETTA
BROMPONIES.

die WAPAD

WOENSDAG 15 MEI 1968

# Nie weer nie

Soms gebeur daar dinge wat 'n mens nie graag aanvaar nie en waarvan jy maar liewer wil glo dat dit een massiewe misverstand is wat nie herhaal sal word nie.

So 'n gebeurtenis was dit wat Saterdag op die Vrystaatstadion tydens Intervarsity op die pawiljoen gebeur het. Eintlik sou 'n mens liewer daaroor wil swyg. Maar voordat stilswye oor iets wat reeds in baie wyer kringe soveel publisiteit gekry het, as goedkeuring of selfs net as onverskilligheid aanvaar word, sê ons liewer ons sê.

En ons sê is dit: so iets mag nooit as te nimmer weer gebeur nie. As so iets weer toegelaat sou word om te gebeur, bly dit 'n vraag of die relatiewe hoflikheid en verdraagsaamheid wat tot dusver geopenbaar is, nog moontlik sal wees. Inderdaad kan 'n herhaling van vanjaar se gebeure nie anders as om die hele stelsel in gedrang te bring nie. En dit gaan jammer wees. Maar ons het darem nog genoeg vertroue in die mense wat in beheer van sake is, om te glo dat wat vanjaar gebeur het, die laaste strooi is.

Aan al die Pukke op die paviljoen kan mens nie anders as veels geluk sê vir die puik gedrag onder omstandighede nie. Veral die eenparige opstaan toe die gewese staatspresident voorgestel is, kon nie anders as om opgemerk te word nie. Na Saterdag het die P.U. vir C.H.O. baie meer vriende.

# A.S.B.-woelinge

Die huidige woelinge rondom die A.S.B. en die vrae wat daar gestel word oor die betekenis van die bond vir die Afrikaanse student, en sy reg tot voortbestaan op ons kampusse, hoef niemand te verbaas nie. Dit sou mens moes verbaas het as daar nie gereeld vrae gestel is hieroor nie.

Daarmee wil ons nie beweer dat die A.S.B. so deur en deur sleg is dat sy bestaan gedurig onder die soeklig geplaas moet word nie. Verre daarvan. Ons glo dat die A.S.B. tog wel deeglik sy taak het om op die kampusse van ons Afrikaanse universiteite en kolleges te vul, en ons glo dat die feit dat die A.S.B. na twintig jaar nog sterk staan genoeg bewys is vir die feit dat hierdie nie 'n ydele droom is nie.

Wat ons egter wel deeglik wil beweer, is dat dit geen kwaad kan doen as op 'n volwasse wyse en sonder bymotiewe opnuut gesoek word na 'n formulering van die A.S.B. se doel, taak, werksaamhede, en die plek daarvan op ons kampusse nie.

Maar ons herhaal: dan moet dit op 'n volwasse wyse en sonder bymotiewe geskied.

# En nou?

Soos alle goeie dinge het karnaval en intervarsity verbygegaan. Ewe skielik was alles verby en het die meeste Pukke seker gewonder waarmee 'n mens jou nou gaan besig hou.

Maandag was die antwoord daar (vir die mense wat hulle nie reeds oor die naweek in die kloue van die akademic begewe het nie) Voor die deur lê referate by dosyne, en kort anderkant die einde van die maand begin die Junie-toetse.

Daaroor twyfel niemand nie, want orals op die kampus sien jy reeds die lang gesigte en hoor jy die klaagliedere wat die profeet Jeremia 'n minderwaardigheidsgevoel sou besorg het. En dan wonder 'n mens. Watter soort gees was die tydens karnaval en intervarsity as alles sommer nou so weggevloei het?

Dit mag nie. Ons is nie ongebalanseerde mense nie. Daarom: kom ons bewys ons vriendelikheid en kameraadskap was nie sommer 'n kunsmatige en tydelike oplewing nie, maar iets wat ons gaan bly kenmerk.

Laat ons daarom bly glimlag.

MOOIRIVIER MOTORS
(EDMS.) BPK.
Posbus 51, Potgieterstraat Telefoon 4338/9,
POTCHEFSTROOM.
*Vir:-*
★ MERCEDES-BENZ
★ TOYOPET
★ RENAULT DAUPHINE

# In U Lig

EFESIëRS 1:3.

,,Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het *met alle geestelike seëninge in die hemel* in Christus.''

Dit is 'n lofprysing wat uit die mond van Paulus uitgaan. Dit is egter nie net Paulus wat dit mag uitroep nie, ook ons mag dit uitroep omdat ons kinders van God is.

Ja, God skenk aan ons ryk seëninge om Christus wil. Ons verdien uit onsself alleen maar die vloek van God, maar nou is ons in Jesus Christus geseën en dit uit genade alleen.

Daar is eintlik net een seën. Daarom staan die woord ook in die enkelvoud, maar die seën word opgebreek in vele strome en brei uit in 'n ryke veelheid. Daarom staan daar ook dat Hy ons met alle geestelike seëninge geseën het.

Die seëninge van die Here is veelvuldig, heerlik en onbeskryflik. Maar waar kom die seëninge vandaan? Ons aangehaalde teks sê; uit die hemel. Ja, dit kom van die troon van God en van die Lam. Die hemele is gevul met die seëninge van God net soos die aarde vol is van die vloek en van alle boosheid. Hoe talryk is die seëninge nie wat uit die hemel op ons neerdaal nie? Dink daaraan ons is uitverkore kinders van God om Christus wil, ons is verlos van die mag van die dood om Christus wil, ons het vergifnis ontvang om Christus wil, ons het die Heilige Gees ontvang om Christus wil. En dit alles uit genade alleen. Hoe geseënd is ons nie dat ons in die dae van ons jonkheid ons gawes en talente aan 'n christelike universiteit mag ontwikkel nie. Dat ons die krag van die jeug in ons are mag voel vloei, dat ons gesondheid en krag mag geniet, dat ons verstand ontvang het, en dat al hierdie dinge vanuit die hemel op ons neerdaal. Dit stroom ons harte binne wat deur die geloof in Jesus Christus geopen is. Ja, deur die geloof in Hom kan ons die stroom van seëninge opvang. Dit is 'n stroom wat nooit opdroog nie, 'n stroom wat ons lewensryk en vol maak. Deur die seëninge van God en Christus kan ons nou 'n ryke en volle lewe lei.

Eers as ons bely dat ons al hierdie seëninge om Christus wil en sonder enige verdienste van ons kant ontvang, kan ons soos Paulus uitroep: ,,Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus!

Eers dan word ons ganse lewe een lofprysing tot die eer van God.

# – Deur My Lens –

Ons het intervarsity gehou. En dit was goed. Jammer ons het nie gewen nie. Veral aangesien ons eerstespan die beste span op die veld was. Maar alle eer aan die Kovsies vir hulle rotsvaste verdediging.

Die treinrit was vir my aangenaam. Baie aangenaam. Dis jammer ek is 'n outsider. 'n Sagte dingetjie sou sake nog meer veraangenaam het. Iemand wat na my filosofieë wil luister, want ek hou daarvan om te praat van bome en wind, van vallende blare . . .

**HARTELIKHEID**

Maar genoeg. Netnou word ek oorval deur huweliksaansoeke. Een ding wat vir my mooi is van die Kovsies is die hartelikheid wat daar onder die studente heers, 'n opregte kameraadskap. Op die Puk is daar nie so iets nie. Nou wonder ek of dit die gevolge is van ons gestorwe ontgroening? Ons eersjaars is te hans — by voorbaat 'n taai klap aan julle. 'n Eerstejaar is 'n spesie wat nie gesien en nie gehoor moet word nie.

'n Groot flambojante ruiker aan ons twee dirigente wat die Puk se naam Saterdag hoog gehou het. Ek is bly dat julle jul nie vereenselwig het nie met die toiletmentaliteit van sekere mense nie. Al wat Puk is, is trots op julle. Laat ons altyd ons universiteite se naam hoog hou. Dis 'n groot voorreg om 'n Puk te wees. Miskien wil meer mense in die voorreg deel. Na Saterdag dink ek, sal dit definitief die geval wees. Uit hoflikheid sal ek verder oor Saterdag se pawiljoengebeure swyg. Miskien nog net dit: Waar die grense van oordentelikheid en goeie maniere oorskry word, daar word alle kommunikasie beëindig. Ons sal ons in geen onsekere terme nie, daarvan distansieer.

**WAARDIGHEID**

Laat ons die waardigheid behou. Want as dit verlore raak, tree dekadensie in. Dan begin die geestelike aftakeling. En jy word 'n verpotte wese, 'n siek banale skepsel. Iets wat chaoties op reis is. Orde is die beginsel van bestaan, van alles wat lewe en roer.

Intussen wag die akademie met knersende tande op ons.

**REFLECTOR**

J. A. VAN DER WALT & KIE
(EDMS.) BPK.
(Direkteure: J. A. van der Walt, P. G. van der Walt).
*Boekhouers, Sekretarisse, Assuransie- en Belasting-adviseurs en Algemene Agente.*
Vir puik gehalte tikwerk, afrolwerk en fotostatiese afdrukke van belangrike dokumente.
TELEFOON: Kantoor 5796, Woning 7326,
Posbus 913, Stadsentrum 118.




# Meesterplan om dirigent te skaak, misluk

**Om vir maande lank te beplan en te werk aa n'n plan om die Kovsie-dirigent te skaak, om te sien hoe die hele plan haarfyn uitwerk, en dan op nommer nege en negentig te sien hoe alles skipbreuk ly — dit was vanjaar die lot van 'n groepie Pukke.**

Die hele ding het lankal reeds begin toe Mac van der Merwe, Gerrit Groenewald en Dries Pretorius op 'n meesterplan gekom het om die Kovsies se rasieleier te skaak. Sowat twee maande gelede is die masjinerie in werking gestel.

**Y.M.B.**

Twee persone wat onbekend is in Bloemfontein is gekry om namens 'n fiktiewe maatskappy (Y.M.B. Distributors) bestellings vir hemde in U.O.V.S. se koshuise te neem en saam daarmee wedstrydvorms wat spesiaal gedruk is, uit te deel. Sorg is gedra dat Danie Smuts, U.O.V.S. se rasieleier, vir die wedstryd inskryf.

'n Ruk voor die intervarsity-week is hy toe per brief (op spesiaal gedrukte briefhoofde, waarvan 'n afdruk hier verskyn) uit Johannesburg laat weet dat hy die tweede prys ('n Simca) verower het en dit op Dinsdag 7 Mei by 'n dinee in 'n deftige Randse hotel in ontvangs moes neem. Hy sou per motor in Bloemfontein gehaal word.

**MOTOR**

Dinsdagoggend is die laaste reëlings per telefoon uit Johannesburg met mnr. Smuts getref, en Dinsdagmiddag was 'n persoon met 'n deftige motor in Bloemfontein om die „pryswenner" te haal.

Die Kovsies het intussen snuf in die neus gekry, vasgestel dat die betrokke maatskappy nie bestaan nie, en besluit om twee eerstejaars in mnr. Smuts se plek te stuur. Groot was die verbasing van die Pukke toe die spesiaal gehuurde motor nie met mnr. Smuts nie, maar met twee eerstejaars opdaag! Daar moes toe maar die gepaste stappe teen die twee se hare geneem word.

Hulle het nou wel nie 'n dirigent geskaak nie, maar die plannemakers het darem die troos dat hulle verantwoordelik was vir die oorspronklikste skaakplan in 'n lang tyd. En dit sê al iets.

Y.M.B. Distributors (Ltd.)

DIRECTORS: B. MASCOVITZ, L. McDONALD, T. DUNKALD, V. M. CATZ

P.O. Box 9583
JOHANNESBURG.

______19__

So het die briefhoofde gelyk wat spesiaal laat druk is as deel van die plan om die Kovsies se rasieleier te skaak.

# Meningsopname openbaar tevredenheid met karnaval

**Eerste probeerslag — goeie probeerslag! In die geledere van die owerhede en studente van die Puk is 'n meningsopname gedoen om 'n algemee idruk te kry van die eerste karnaval op die plaas.**

Prof. Wimpie de Klerk is van mening dat die karnaval organisatories baie goed afgeloop het. Die komitee verdien groot eer met hul eerste poging.

Verder het hy gesê dat die konsertreeks 'n buitengowen gedagte was en dat dit in die toekoms altyd in gedagte gehou kan word. Hy meen ook dat die vlotte baie oorspronklik was en dat die koppe goed afgewerk was. Prof. De Klerk doen die wenk aan die hand dat die karnaval miskien vroeër in die jaar gehou moet word. Die toetse neig om die gees te demp en die studente kan hulle nie ten volle vir die saak gee nie. Omliggende dorpe moet ook besoek word en so sal daar 'n nouer band tussen die universiteit en sy direkte omgewing omgewing ontstaan, het Prof. De Klerk gesê.

**SPONTAAN**

Volgens hom was die gees onder die studente uitstekend en daar kan nog groter spontane vrolikheid i.p.v. kunsmatige verspotheid wees.

Mnr. Hans van Zyl, 'n oud-Puk, sê: Die karnaval was 'n pragtige idee en die organiseerders daarvan verdien groot lof. Ek is teleurgestel dat so 'n klein klompie daaraan deelgeneem het — veral Vrydag.

Die klasse is afgegee en tog het daar maar min gebeur, baie van die studente het die gees gegee en is toe huistoe.

'n Paar nuttige wenke is deur die studente aan die hand gedoen: mnr. Callie Coetzee stem saam met mnr. Hans van Zyl, dat propaganda in die toekoms beter gedoen kan word.

**VERTEENWOORDIGEND**

Mej. Esmarie Steenkamp van Karlien meen dat die hoof-karnaval-komitee nie verteenwoordigend van die massa was nie. Die werk is wel goed gedoen maar in die toekoms kan die komitee uit lede van verskillende koshuise saamgestel word.

Johan Snyman van Dawie Dupsuid sê: die deelname van die Pukmassa kon miskien meer geïntegreer gewees het as die sentrale komitee sy organisasie ietwat gedesentraliseer het en die verantwoordelikheid van die aanbieding van watter item ook al op die program oor 'n wyer front versprei het.

Mej. Louise Heystek van Kulu, meen dat dit beter sou gewees het as die stalletjies meer versprei was, maar laat nie na om te sê dat die karnaval 'n groot sukses was nie!

**TOETSE**

**Volgens 'n uitgebreide meningsopname blyk dit dat die meeste Pukke hul aansluit by die woorde van mnr. Tinus du Plessis van Over-de-Voor, nl.; of die karnaval 'n sukses was? Maar natuurlik! Al gehoor van 'n karnaval aan die Puk wat nie 'n sukses sal wees nie? Hy bely saam met die digter: „the carnival is over and its kiss was sweet as wine," maar ook „the carnival is over and now my tears begin... want die Junie-toetse lê voor die deur.**

## Oosterhof skaak S.R.-lede

Baasskakers... ek sê weer, Baasskakers! 'n Mens wonder wie kan meer spog as Oosterhof... wie het dit nou al reg gekry om byna die hele S.R. te skaak. Glo, dit of nie maar hulle het vir 'n hele paar uur as gaste van die dames en tot misnoë van die Pa in die koshuis deurgebring.

Die dames het hulle darem baie goed behandel-daarvan kan Poen Coetzee getuig.. so bietjies-bietjies koffie saam met die musiek! Neels Smit en Flip Fisika het maar 'n stil agtermiddag deurgebring . . . maar dit was darem ook maar lekker.

Volgende jaar maak hulle weer so want dit wil mos nou al lyk asof die Groot Geeste groter oplewing van die gees in die koshuis bewerkstellig het as wat die karnaval of die singsongs kon droom om te bereik.

## Akademiese jaar

Die Randse Afrikaanse Universiteit gaan sy akademiese jaar van 29 na 35 weke per jaar verleng. Dr. Gerrit Viljoen, die rektor van die universiteit sê dat dit tot die voordeel van die studente is, en dat dit op die lang duur ook 'n beter diens aan die gemeenskap sal lewer.



**Die Puk se twee dirigente, Piet Botha (links) en Christo Piek (regs), hier afgeneem terwyl hulle vir mekaar dirigeer. Tevredenheid is uit verskele oorde uitgespreek oor die optrede van die twee verlede Saterdag op die verhoog tydens Intervarsity.**

**Foto: Fotokuns.**

# EEN SE DOOD ANDER SE BROOD

**Die een se dood is vandag die ander se brood, het ds. H. van der Bijl, van die Geref. Kerk Potchefstroom-Suid Donderdagaand gesê i.v.m. die welvaart wat ons vandag belewe.**

Ds. Van der Bijl het die J.V. Op- en Wakker toegespreek oor die verwêreldliking in ons welvaart.

Die gelowige kom telkens voor 'n keuse te staan. Elkeen moet eers vir homself uitmaak wat welvaart is en die welvaart dan op die regte wyse geniet, het hy gesê.

**SKEPPING**

Verder het hy daarop gewys dat die Bybel nie teen welvaart is nie en dit geïllustreer met paslike voorbeelde. Die Skepping het dan in die grootste welvaart begin, het hy gesê.

Hy het die welvaartslyn deurgetrek na die Afrikanervolk. Vroeër het die Afrikaner sy goud in die wakis saamgedra, nou het ons myne waaruit ons die goud haal. Die welvaart wat ons vandag belewe is dus in teenstelling met die in die Paradys, dws. 'n welvaart sonder God het hy gesê.

Ds. van der Bijl het dit ook beklemtoon dat die welvaart in Christus dit is: dat ons kan lewe omdat hy vir ons gesterwe het!


INSLEEP!
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039



VIR MODERNE VERLOOFRINGE:
TRANSVALIA JUWELIERS
STADSENTRUM,
POTCHEFSTROOM.

# Hedda waardige opvolger vir voorgangers

**Hedda Gabler is die titel van hierdie werk, maar dit is veel meer: dit is terselfdertyd die demoniese onderlaag, die onvoorspelbare vertrekpunt, die onstuitbare groei, ja, dit is selfs die ironies-tragiese eindpunt van die verhaal. Dit is die naam van soveel gesigte, dit is die naam van futiele bevryding — die naam: Hedda Gabler.**

**Want sy is vrou. 'n Vrou met die klaaglike onvermoë om te voldoen aan haar eie begeertes, 'n vrou wat die immer ontwykende spel met haar eie lotsbestemming speel, 'n vrou met die dood in haar een hand en die lewe in die ander hand, 'n vrou wie se algehele nederlaag haar grootste triomf word.**

Sy wil vry wees, sy moet vry word om haarself te behou, en sy verloor haarself ter wille van haar vryheid. En is dit nie miskien die makabere boodskap wat ook deur ons tyd hamer nie, nl. dat die mens se self gewaande „vryheid" onherroeplik in die dood setel en dat vrywording van alles, ook van die selfheid, dan eers volkome word?

**VRYHEIDSTREWE**

Henrik Ibsen is ook kind van sy tyd. Daarvoor immers spreek sy benadering van situasies tegelyk uit elke moontlike hoek. In die positiurstiese milieu waarin hy lewe en skryf word sy karakters gebore uit sy persoonlike konflikte, sy eie frustrasies. Terselfdertyd wil sy werk dan riller en ontknopingsdrama wees! Soos in sy „Spoke" breek hy ook hier weg van die tradisionele drama van sy tyd. Sy karakters is nie heroïes nie, die ontwikkeling van sy tema is die konsekwensies van menslike handelinge. Die beheersende element is 'n onbehaaglike vryheidstrewe.

Hierdie strewe word uitgebeeld deur Hedda Gabler, Cecile Spamer, met haar onbetuiste oortuigingskrag, vertolk hierdie rol. Veral haar besondere vermoë tot gelaatspel, die koppige vrou in haar en haar sterk persoonlikheid laat haar eenvoudig lewe in Hedda Gabler. Niks is oorbodig nie. Tegelykertyd pretensieus en ook onpretensieus. (Net miskien 'n klein bietjie meer „dierbare kinderlikheid" waar dit sou pas?)

Opmerklik in die aanbieding is die oënskynlike toon van verveling, en telkens die onverwagse meteorpunt besinning oor die lewe en die ganse bestek.

Maxie Swart lewer 'n goeie vertolking. Half hulpeloos, gelate, maar met net genoeg drif om mev. Elvsted te wees.

Peet van Rensburg het elke hart gesteel met sy naïwiteit, sy onskuldig-bedagsame spel. Lieschen Rautenbach lewer ook in haar rol uitmuntende spel. Veral haar praatmanier, haar ou-vrou verontwaardiging. Liesbet Schoeman het oortuig as die diensmeisie. Andries Swanepoel was 'n baie waardige regter Brack — en tog het hy maar mens gebly. Leon Cloete het eweneens beïndruk as Eilert Lövborg.

Dit dan wat die spelers betref. Maar daar was nog meer wat die weldoening van die aand verseker het. Die beligting was puik, die grimering (veral die van tant Julia) het getuig van professionele smaak. Die dekor, kostumering en die keurige program was alles deel van die geheel.

Dan die voorportaal: dit was paslik en oorspronklik — die effektiewe inleiding tot 'n groter ontvlugtingswêreld.

Ten slotte: die dame agter die skerms, Bet Botha. Hierdie aanbieding waarna ons met verwagting uitgesien het, was sy voorgangers in elke opsig waardig. Dit was 'n gawe toevoeging tot 'n jong maar kragtige repertasie.

C. J. SMIT



'n Toneeltjie uit „Hedda Gabler" wat tot vanaand deur die departement Spraakleer en Drama opgevoer word, en waarvan 'n resensie op hierdie blad verskyn. Cecile Spamer (Hedda) en Andries Swanepoel (Regter Brack) in 'n tipiese toneeltjie van ligte repartée.


**NDEQUE**
**Skoenreparasies**
— Octron-gebou —
*Twee depots op Bult:*
BULT DROOGSKOONMAKERS
WESTVAAL DROOGSKOONMAKERS
*Spesiale pryse vir studente.*
*Aflewering op die Kampus.*

*KOM BESOEK:*
**M I A M I**
**RESTAURANT**
Kerkstraat 213,
Johan Dreyer-gebou.

**J. HEIDEMA**
vir
**FIETSE**
en vakkundige
**Herstelwerk**
**Opberging**
van fietse gedurende vakansies.
**Kerkstraat 48 — Tel. 5319**


## Studenteraad vir R.A.U.

Die Randse Afrikaanse Universiteit het onlangs hulle studenteraad, bestaande uit 12 mans en 2 dames,aangewys.

Die S.R. voorsitter sal uit die groep aangewys word. Hulle sal eersdaags vergader om hul werksaamhede te bespreek.

Sewe van die lede is LL.B.-studente, een B.Comm; twee B.Sc.- en vier B.A. studente.

## Direkteur van Ontwikkeling na Europa

Dr. O'Grady, direkteur van Ontwikkeling aan die P.U. en mev. O'Grady, vertrek op 1 Junie op 'n studie toer na Europa, vir drie-en 'n half jaar.

Dr. O'Grady gaan o.m. 'n studie maak van interuniversitêre kommunikasie en doeltreffende integrasie op navorsingsgebied. Hy wil ook die uitstekende navorsingswerk van die P.U. aan verskeie groot universiteite oorsee bekendstel, veral in Duitsland, waar hy en mev. O'Grady die gaste sal wees van die Humbolt-Stiftung.

# KUNSGESELSIE

Wat bedoel ons met die wetenskap estetika? Daar bestaan verskillende wetenskappe en verskillende groepe wetenskappe oa. geestes- en syns- en eksakte wetenskappe. In geesteswetenskappe kry ons nog verder ander onderafdelings bv. beskrywende of taal- en normatiewe wetenskappe. Die normatiewe wetenskap probeer om sekere waardes of maatstawwe vas te stel maar dit eindig nie daar nie dit wil dit ook gaan toepas op praktiese lewensverskynsels. Alle wetenskappe is altyd gerig op praktiese toepassing van gegewe feit wat nagevors is.

In die praktiese toepassing moet altyd 'n duidelike sistematie gevolg word. Onder die normatiewe wetenskappe vind ons bv. Wysbegeerte en Estetiek of estetika.

Estetika is meer eksakt — vra een vraag nl. wat skoonheid is? En wat is dan die skoonheid? Daar is altyd 'n positiewe en negatiewe vraag want die wetenskap is oop vir verandering en evolusie.

Skoonheid verander dus deur die eeue bv. die ou Griekse kuns verskil hemelsbreed van ons s'n.

Ons kan 'n diep studie maak van hulle kuns wat dan 'n waarderingsaksie sal veroorsaak; hoe dieper studeer om hul norme van skoonheid te ondersoek. Kunsbesef verander deur die eeue en so ook die skoonheidsbesef.

Die twee belangrikste punte is tyd en lokaliteit. Dit is 'n steeds evolusioneerde en veranderlike faktor in kuns. Dit norm waaraan die kuns waardeer word, is nie stagnant nie, maar verander ook wel.

# ALABAMA WEER MET REVUESTYL OP REIS

**Die revue-styl waarmee die Alabama-toergroep verlede jaar soveel sukses behaal het, word vanjaar weer toegepas, maar op 'n hoër vlak.**

Alabama bied in vanjaar se program o.a. visueel aantreklike uittreksels uit die moderne musiekblyspele aan. Komiese tonele wat van toepassing is op huidige wêreldtoestande, sorg vir afwisseling tussenin. — so reg in die gees van die tyd.

**ORKES**

Die orkes is vanjaar heelwat uitgebrei, die koorlede toon veel talent en die repetisies vorder fluks. Sommige van die koorverwerkings moes uit die V.S.A. bestel word omdat dit nie in die Republiek beskikbaar is nie, soos die musiek van „Porgy and Bess" en van „The Music Man."

„The Music Man" sal iets besonders wees omdat die dialoog op maat van musiek (resitatief) die hooftema voorafgaan in gedramatiseerde vorm.

Die welbekende „Tonight" uit „West Side Story" word ook met bygaande verhoogeffekte aangebied. Afrikaanse liedjies soos „My hart verlang na die Boland," „Die Ou Kraalliedjie," „Jy is my liefling," en „Boetie sy's 'n perskeblom" is in vanjaar se program ingesluit.

Eenvormige kostuums word vanjaar beoog asook spesiale beligtingseffekte.

Johan van Rensburg is weer Alabama se musiekregisseur, terwyl Nesco du Toit verantwoordelik sal wees vir die komiese tussentonele.

**BESOEK**

Die groep besoek vanjaar vyf en twintig plekke, waaronder Warmbad, Die Oog, Tzaneen, Louis Trichardt, Witrivier, Welkom, Sasolburg, Brakpan en Klerksdorp.

H.d.W.

# STUDENTE RUK HANDE UIT: BENSUSAN

**Dr. A. D. Bensusan 'n Johannesburgse stadsraadslid wat goed bekend is met die Europese studente en baie daar rondgereis het, het onlangs gesê dat die studente-opstande teen die tradisionele gesag in die vrye lande, heeltemal hande uit ruk.**

In Rome steek half-waansinnige studente, geboue en motors aan die brand, gaan die polisie te lyf en pleeg vandalisme so ver as wat hulle gaan.

**MANCHESTER**

By die universiteit van Manchester het die studente 'n krans aan die voet van die stad se oorlogsgedenkteken gelê met die woorde daarop: Ter nagedagtenis aan die Rhodesiërs wat onregverdig en genadeloos gehang is deur die onwettige Smith Regime.

In Parys het daar ook 'n grootskaalse geweldadigheid losgebreek en die jeug word skaamteloos d.m.v. organisasiewerk betrek, of dit nou vir geldelike of politieke gewin is. Die leuse bly steeds om weg te doen met tradisie en konvensie.

**VOLTYDS**

Dr. Bensusan glo dat daar liberalistiese en kommunistiese organiseerders agter die aftakelingswerk sit. In Londen is daar studenteleiers wat feitlik voltyds studentebetogings organiseer.

## KONSERVATOR BESOEK P.U.

Mnr. H. Liebars, hoofkonservator van die Koninklike Biblioteek te Brussels, besoek tans die P.U. vir C.H.O. Die doel van sy besoek is om 'n lesing voor die biblioteekkundestudente te lewer oor die biblioteekwese in België. Hy tree op onder beskerming van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging.

Mnr. Liebars lewer ook 'n voordrag oor die Bourgondiese Mniatuurkunste, wat hy toelig met 'n 16-mm kleurfilm.




'n Paar dameslede van die Alabama-toergroep wat gedurende Julie deur Noord- en Oos-Transvaal toer, kyk hier saam met musiekregisseur Johan van Rensburg na die bladmusiek van een van die stukke wat ingesluit is by die revue wat die groep aanbied.

Foto: Fotokuns.




V-R-Y-S-T-A-A-T!!! Daar oorkant hardloop die Kovsiekat — en die Puk se leeu watertand, en ek wonder nou maar net weer — ! Ons wag nou net op die regte oomblik ... ja, Ella Ponelis dink ook dit is nou net die regte tyd om vir Konstant van der Walt geselskap te hou. Ampie Venter het weereens bewus geword van Klappie de Villiers want ai, die Vrystaat kan darem koud word hé!

Nicolené Venter skitter weer want die twee weke was darem lank — ek is saam met jou bly dat Hennie nou weer perdfris is.

Die winter het al ver gevorder en Chris du Plooy besef by die dag meer en meer dat Karlien baie potensiaal het — oa. hy vind Irna Fourie se geselskap sprankelend.

Nellie Vorster dink dat RAU. net die plek is en Jannie Koekemoer dink weer dit is net die Puk wat sulke fondse kan hê. Bernard Papenfus het die skandmuur afgebreek — sien die gras is aan die oorkant altyd groener! Maar dis nie al nie, Nerina du Plessis was ook aan die oorkant.

„...op het hoek is ons te kry. Oosterhof se nooientjies fyn... Kobus du Plessis het besluit om homself te oortuig en Sanet Maré het sy moeite beloon! Linda van Vuuren en Casper Kruger het ook bewus geword van die prikkelende gees op die kampus.

So by my kool... dat 'n mens sowaar so lank neem om te ontwaak! Karlien is sewe vloere hoog en hy word nog steeds misgekyk. Ai, mense maar is Gatland nie ver daarvandaan nie...? Theuns Eloff het darem betyds vir Santie Bezuidenhout daar ontdek.

Hestré Snyman is 'n doedie wat graag saam met Abie Hattingh gaan koffie drink. Pontifex Venter het besluit dat hy liewer praktiese Frans klasse wil loop en Heinie de Wet gee dit gratis... net vir hom hoor!

Nog rekords bly in die slag ...ai, die Lynette Pretorius en haar Pierre darem...? Met Braampie-afperiode en Cecilia Pieterse gaan die ook sommer nog so voor die —intervarsity! Petro Hough en haar Solomon sê dit is nog baie lekker om te leef.

Carel van Heerden en Maria du Toit, Dirk van Driel en Louise Spryt, Buffeltjie en sy doedie Rina Hugo, Tommie van Petra Coetzee asook Crisjan Diederichs en Emilie Postma is nog douens en doedies wat mekaar se geselskap interessant vind.

Was daar trane of was daar nie...? Wel, dit kan mos darem nie met ons slepery inmeng nie! Sterkte vriende!

## VERGADERING VAN P.N.B.

Die eerste programvergadering van die Polities-nasionale Bestuur vind more-aand in die Totiussaal plaas.

Die spreker by hierdie geleentheid is prof. J. H. Coetzee, hoof van die departement Volkekunde en direkteur van die Instituut van Afrikanistiek. Hy sal praat oor die rasse/volkeverhouding in Suid-Afrika.

Die vergadering begin om 7.00 nm.

## *Professor lewer intreerede*

Op 17 Mei lewer prof. dr. J. H. Venter, van die Departement Statistiek, sy inougurele rede in die Konservatoriumsaal.

Hy het reeds 'n aantal voordragte op sy vakgebied gelewer by binne- en buitelandse kongresse. Daar het ook al publikasies van hom verskyn.

Prof. Venter is lid van verskeie verenigings op sy vakgebied en dien ook op die komitee van die S.A. Statistiese verenigings.

Hy is in 1965 tot senior lektor en in 1967 tot professor bevorder, na sy terugkeer na die P.U. na voltooiing van sy studies aan die Universiteit van Chicago in die V.S.A.

Daar het hy die grade M.S. Ph.D. verwerf. In 1958, 1959 en 1960, voor sy vertrek oorsee, het hy die grade B.Sc., B.Sc-Honns. en M.Sc. met onderskeiding verwerf aan die P.U. vir C.H.O.


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**ADVERTENSIEBURO**
**Studenteraadskantoor**
**P.U. vir C.H.O.**

### BEKENDMAKING

**TIKWERK** Skakel mev. Van der Walt by Tel. 3107. Alle ure.

**TIKWERK:** Vir hoë gehalte tikwerk, skakel mej. A. van der Walt, na-ure Von Weilligshstraat 29. Tel. 7177.

**TIKWERK** word onderneem deur mev. Labuschagne, Militêre Kamp. Tel. 2211, Blyn 95.

## HUIS EN TUIN

*Vir:-*

★ alle fietsbenodigdhede
★ skoenreparasies
★ droogskoonmaak.

**Studente:**

ONS VOORSIEN GRAAG IN U BEHOEFTES

**Tomstraat 82,**
**Telefoon 4641.**


# *Interuniversitêr*

PRETORIA. Algemene tevredenheid is hier uitgespreek oor Tukkies se jaarlikse jool, wat voorverlede Saterdag plaasgevind het. Die gebruiklike stalletjies op Kerkplein gedurende die week het groot aftrek gekry, terwyl die sowat 80,000 mense wat die vlotoptog deur die stad dopgehou het, mildelik bygedra het om kollektebussies te vul.

PRETORIA.— Die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) kan vanjaar weer met die onderskeiding spog dat dit die grootste universiteit in Suid-Afrika is. Vanjaar se studentetal van 20,241 oortref verlede jaar se getal met meer as 'n duisend. Van die groot getal studente is 1,944 besig met nagraadse studie, terwyl 'n aantal deur die universiteitskolleges vir nie-blankes studeer.

PIETERMARITZBURG. — 'n Studentevergadering aan die plaaslike afdeling van die Natal-se Universiteit het met 'n meerderheid van 96 stemme teenoor 48 besluit om nie die bal wat gehou word vir graduandi op 'n gesegregeerde grondslag te laat plaasvind nie. Die voorsitter van die mosie dat 'n deurmekaarbal wel gehou word, het gesê dat alhoewel die verkoop van drank by so 'n bal deur wetgewing verbied word, hy voel dat die studente bereid moet wees om sonder drank klaar te kom ter wille van gasvryheid teenoor hulle mede-studente.

KAAPSTAD. — 'n Beweging is onder studente in die buiteland aan die gang om Nusas uit die Internasionale Konferensie van Studente te skop omdat hy nie links genoeg is nie, het die president van hierdie liggaam, mnr. John Daniel onlangs hier aan studente gesê. Nog 'n beswaar teen Nusas is dat dit nie verteenwoordigend is van blanke sowel as nie-blanke studente in Suid-Afrika nie.

KAAPSTAD: Groot bekommernis heers by winkeleienaars in Rondebosch oor die toenemende mate van winkeldiefstalle deur studente. Volgens 'n berig in „Varsity", studentekoerant van die Universiteit van Kaapstad, moes een winkeleienaar verlede jaar R1,000 afskryf as gevolg hiervan.

JOHANNESBURG:— Die adjunk-vise-kanselier van die Witwatersrandse Universiteit, prof. S Jackson, het die grappe in Wits se jongste joolblad waarin Harold Wilson met God vergelyk word, en waarteen sterk beswaar gemaak is van Afrikaanse kerklike kant, as „blote humor en niks anders" bestempel. Prof. Jackson het die joolblad as van uiters hoë gehalte bestempel.

GRAHAMSTAD. — Persone wat hulle eerste jaar druip, sal voortaan strenger gekeur word voor hertoelating tot die Rhodes Universiteit, volgens die rektor, dr. Hyslop.


**TRUST APTEEK**

**TRUST BANK-SENTRUM,**
**TEL. 7116.**

★ *Geskenke*
★ *Pottebakkery*
★ *Fotografiese*
★ *benodigdhede.*

**Ons vriendelikheid en diens is u waarborg.**

***AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS.***




# I ıtervarsity gelykop -- beserings vier hoogty

**AS die wedstryd tussen die eerste spanne van die P.U. en U.O.V.S. aan iets onthou moet word, sal dit beserings wees. Beserings was seker die mees opvallende kenmerk van hierdie wedstryd waarvan die puntetelling 6—6, 'n baie goeie weergawe is van die spel.**

**Die talle beserings het hul deel bygedra om van die wedstryd 'n saai en toe spel te maak. Die grootste deel van die wedstryd het die Kovsies dan ook net met 13 man gespeel. Reeds vroeg in die eerste helfte moes B. van Rensburg, agsteman van die Kovsies, die veld verlaat met 'n gebreekte sleutelbeen. Hy is gevolg deur G. Grobler, flank van die Vrystaters. Die Pukke moes ook die grootste deel van die wedstryd die dienste van die kranige slot Piet Brand verbeur. Ook hy is met 'n skouer besering van die veld af.**

Die manne van U.O.V.S. was die eerste om punte aan te teken. Hulle het 'n strafskop vlak teen die P.U. se doellyn gebruik om met fyn taktiek vir Stoffel Botha oor die lyn te stuur. Die manne van U.O.V.S. het almal terug gestaan terwyl Botha op die merk bly staan het. Die indruk is geskep dat daar pale toe geskop gaan word maar skielik het Botha na 'n tikskoppie voor die verbaasde Pukke oor die lyn geseil.

**BRUWER**

Die volgende punte is deur die Pukke aangeteken toe Piet Bruwer 'n strafskop deur die pale geklits het. Die rustydtelling was dan ook 3 elk. In die tweede helfte was dit weer die Kovsies wat eerste punte aangeteken het toe Koekoes Reinecke 'n onvervyfde drie gedruk het. Die telling is weereens deur Piet Bruwer gelyk gemaak toe hy teen die einde van die wedstryd nog 'n strafskop in punte omskep het.

Die P.U. kon net nie daarin slaag om deur die verdediging van die Kovsies te dring nie. Die manne van U.O.V.S. het dan ook besonder goed verdedig. Nogtans kon die Pukke die bordjies miskien verhang het as die bal net meer by die vleuels gekom het. Dan kon Dries du Plooy ook nie daarin slaag om twee moeilike skoppe oor die dwarslat te lig nie.

**LEWE**

Dit was eers aan die einde van die wedstryd wat daar lewe in die spel gekom het. Die indruk is gelaat dat beide die spanne se afronding nie genoegsaam was nie. Die manne van die P.U. sal moet plan maak met die oog op die wedstryd teen Pote in volgende kwartaal. Die manne sal moet leer dat daar altyd 'n man by moet wees as die man met die bal in die moeilikheid raak, veral as die teenstanders sulke verdedigende rugby speel soos die Kovsies verlede Saterdag.

**O/23**

Van die drie wedstryde wat op die Vrystaatstadion gespeel is was die tussen die O/23 span van die P.U. en die derdespan van U.O.V.S die aanskoulikste. **In hierdie wedstryd wat met 14 punte teen 6 deur die Kovsies gewen is, het die Pukke swaar geleef teen hul baie swaarder teenstanders. Nogtans het hulle hard teruggeveg en was dit aangename rugby om na te kyk.**

Ook in die wedstryd tussen die tweede spanne moes die P.U. die knie buig. Die wedstryd is deur U.O.V.S. met 16 punte teen 5 gewen.

**INTERVARSITY-UITSLAE**

| | | |
|---|---|---|
| **Rugby** | | |
| **Span** | **P.U.** | **U.V.** |
| I | 6 | 6 |
| II | 5 | 16 |
| III | 6 | 14 |
| **Liberalia** | | |
| Noord A | 9 | 5 |
| Noord B | 5 | 10 |
| **Makouvlei** | | |
| Suid A | 9 | 3 |
| Suid B | 3 | 16 |
| **Over de Voor** | | |
| A | 11 | 17 |
| B | 3 | 5 |
| Thaba Jäh | 8 | 3 |
| Kompleks | 12 | 0 |
| Dorp | 6 | 6 |
| O/19 | 6 | 0 |
| **Netbal** | | |
| **Span** | **P.U.** | **U.V.** |
| I | 12 | 23 |
| II | 16 | 18 |
| **Hokkie (Mans)** | | |
| I | 0 | 1 |
| II | 0 | 0 |
| **Hokkie (Dames)** | | |
| I | 0 | 6 |
| II | 0 | 2 |
| **Sokker** | | |
| I | 0 | 1 |
| II | 1 | 10 |
| **Tafeltennis** | | |
| I | 9 | 3 |
| II | 10 | 2 |
| III | 5 | 7 |
| IV | 3 | 9 |
| Dames | 4 | 8 |



'n Toneeltjie uit een van die wedstryde tussen koshuisspanne Saterdag in Bloemfontein. Foto: C. de la Harpe.

## RHODESIESE REKORDS VIR PUKKE

Die Springbok-atletiekspan, waaronder vyf Pukke tel, het verlede naweek goeie vertonings gelewer in die kragmeting teen Rhodesië.

Die Pukke alleen het vir altesaam drie Rhodesiese rekords gesorg.

Die eerste rekord is deur Willie Coetzee verbeter wat sy goeie vorm van die afgelope seisoen gehandhaaf het deur die 120 tree hekkies in 14.2 sek. te wen.

Bea Marais en Dawid Booysen het vir die ander Rhodesiese rekords gesorg. Bea het die 880 tree vir vroue in 2 min 18.2 sek. gewen maar moes alles in die stryd werp om haar Rhodesiese teenstander die loef af te steek. Dawid het die gewigstoot maklik gewen met 'n stoot van 54 vt 10½ dm.

Willie van der Westhuizen het met sy poging van 10.3 sek. in die 100 meter sy beste tyd oor die afstand geëwenaar. Hy moes egter tevrede wees met 'n derde plek na Paul Nash en Sakkie van Zyl. Willie het ook die tweede plek in die 220 tree behaal met 'n tyd van 21.4 sek.

Fanie van Zijl het bewys dat hy besig is om sy ou vorm te herwin deur die myl maklik te wen in 4 min. 12.8 sek.

L. v. W.

## Koshuisspanne met eer uit stryd

Op die gebied van Koshuis rugby het die P.U. Saterdag met eer uit die stryd getree.

**THABA JäH**

Van die tien wedstryde wat die oggend gespeel is, is ses gewen, een gelykop gespeel en drie verloor. Die wenners was Thaba Jäh, wat weer met hulle hardlooprugby die toeskouers op hol gehad het, Kompleks, die twee spanne van Dawie du Plessis-noord, een span van Dawie du Plessis-Suid en die O/19 span.

**DORP**

Dorp het gelykop gespeel en Dawie du Plessis-Suid se een span kon die mas nie opkom nie terwyl twee van Over de Voor se spanne met die kous oor die kop huis toe gestuur is.

Die toeskouers is op egte Intervarsity-rugby vergas en daar wag nog groot dinge as op hierdie grondslag voortgebou gaan word.

## LANDLOPERS TRAP KOVSIES

Die P.U. se landlopers het Saterdag op die Intervarsity weer eens bewys dat daar veel steek in die langasems van die universiteit. Gawie van Eck was dan ook die eerste oor die wenstreep te draf met George Müldner kort op sy hakke. Beide hierdie landlopers is Pukke. Nog drie Pukke het onder die eerste ses landlopers tuis getel.

Die prestasie van die P.U. se landlopers is besonder goed as in aanmerking geneem word dat beide Fanie van Zyl en Louis van Wijck nie kon deelneem nie. Van Zijl het saam met die Springbokspan in Rhodesiëë deelgeneem terwyl Van Wijck nog moeilikheid ondervind met sy voet.

Die spankompetisie is ook maklik deur die Pukke gewen. In die eerstespankompetisie het die Pukke met 26 punte teen 55 met die Kovsies afgereken en in die tweedespankompetisie met 103 punte teen 116.

## Kapsie teen bont jooldans van Witsies

Kapsie is gemaak teen die bont jooldans wat Saterdagaand deur die Witsies gehou is.

Die Afrikaanse studente keur so 'n veelrassige dansparty ten strengste af omdat hulle dit beskou as uittarting van die regering.

**A.S.K.**

Die Afrikaanse Studenteklub het die joolkomitee versoek om af te sien van so 'n plan. Die mosie is op die vergadering ingedien deur mnr. Dana Smit.

Dit is nie bekend waar die bont dansparty gehou is nie, want die dansers het per bus daarheen gereis, en die plek is streng geheim gehou.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra

te kry by u kafeteria